



DIE SKRYWER HARRY KALMER VERTEL VAN SY BEWONDERING VIR EEN VAN AFRIKAANS SE GROOTSTE ROMAN- EN GESKIEDSKRYWERS.

'n Wêreld sonder maklike antwoorde



In 2007 is ek gevra om met Kiran Desai, ontvanger van die Man Booker-prys in 2006, by die destydse Boekhuis in Auckland Park te gesels.

Die aand voor die gesprek het ek toevallig 'n TV-onderhoud gesien waarin sy gesê het sy is mal oor wyn. Omdat ek weet hoe senutgerend sulke openbare optredes vir skrywer én onderhoudvoerder kan wees, het ek die volgende oggend, nadat ons kennis gemaak het, voorgestel ons maak 'n bottel wyn oop. Sy het gedink dis 'n uitstekende plan.

Ons het elkeen 'n glas weggeslaan en die bottel saam na die “verhoog” gevat. Die gesprek het glad verloop. Ná 'n ruk het ons oor ander dinge begin gesels. Een daarvan was die oorheersing van Engels in “veeltalige gemeenskappe” soos dié in Suid-Afrika en Indië.

Sy het my uitgevra oor die

uitdagings van in 'n “klein” taal skryf en gevra wie my gunsteling-Afrikaanse skrywer is. Ek het sonder om te huiwer “Karel Schoeman” geantwoord.

“Hoe is sy skryfwerk?” het sy gesê.

“Sommige van ons noem J.M. Coetzee ‘die arm man se Karel Schoeman,’” het ek gespot.

Natuurlik was ek moedswillig; die grootste gedeelte van die gehoor was Engelse tannies wat nie noodwendig veel van Schoeman geweet het nie. Maar tog was my tong net halfpad in my kies. Selfs die magistrale Coetzee, wat dalkies een van die redes was hoekom ek begin skryf het, het nie op my dieselfde indruk as Schoeman gemaak nie.

Vir my is hy moontlik die belangrikste skrywer wat in my leeftyd Afrikaanse prosa geskryf het. Meer as 50 jaar ná die publikasie van sy eerste boek toring Schoeman oor

die relatiewe jong, Afrikaanse letterkunde soos 'n Goethe of 'n Schiller oor die Duitse letterkunde. Die gehalte van sy skryfwerk en die omvang van sy oeuvre sorg daarvoor.

Aanvanklike kennismaking

Ek het min van sy werk gelees, daarom wil ek my nie oor die omvang van sy oeuvre uitspreek nie. Maar sy skryfwerk, en skrywerspersona, het 'n reuse-impak op my gemaak.

Dit het begin toe ek nog op skool was. My ma was die soort vrou wat boeke deur Schoeman by die biblioteek uitgeneem het. Ek was die soort seun wat my ma se biblioteekboeke gelees het wanneer myne klaar was. Op dié manier het ek boeke soos *By fakkellig*, *'n Lug vol helder wolke*, *Op 'n eiland*, *Spiraal*,





“NÁ DIE AANKONDIGING VAN SY DOOD HET TALLE MENSE DALK WEER HUL KAREL SCHOEMAN-BOEKE VAN DIE RAK GEHAAL EN DIE STOF AFGEBLAAS.”

Berig uit die vreemde en Na die geliefde land te lees gekry.

Na die geliefde land, met sy apokaliptiese boodskap, het die ouer geslag ontstem. Vir ’n 16-jarige wat besig was om bewus te raak van die onregverdigheid van apartheid en al hoe meer gewonder het oor hoe die toekoms in ons land gaan lyk, was dit ook ontstellend. Maar 16 was ook die ouderdom waarop ek meisies en motorfietse ontdek het. Daar was tyd vir musiek en fliek, maar nie vir lees nie.

Op universiteit het ek Afrikaans studeer, maar as daar enige Schoeman voorgeskryf was, het ek dit nie gelees nie. In my eerste jaar het ek die gedig “’n Hand vol vere” deur Breyten Breytenbach ontdek. Later daardie jaar is hy weens sy aandeel in die mislukte Atlas Okhela-operasie tronk toe gestuur. Die volgende jaar het ek die digkuns van Johan van Wyk ontdek. Kort daarna is hy tronk toe omdat hy nie diensplig wou doen nie. Hul werk en Etienne Leroux s’n was die enigste Afrikaans-skrifwerk wat my belangstelling geprikkel het.

Van die werke van Schoeman wat in daardie tyd verskyn het – *Die hemeltuyn*, *Om te sterwe* en *Afrika* – was ek net vaagweg bewus. Schoeman het teen daardie tyd ’n reputasie van swarmoedige temas en moeilike prosa ontwikkel, dinge

wat my glad nie geïnteresseer het nie.

In my laaste jare op universiteit het ek Amerikaanse skrywers soos Kurt Vonnegut en Joseph Heller ontdek en weer begin lees. Ook die prosa van John Miles en Hollandse skrywers soos Jan Wolkers en Willem Frederik Harms, wat ek op universiteit moes studeer.

Een middag in ’n boekwinkel in Hillbrow het ek ’n boek ontdek met ’n Engelse titel wat deur iemand met ’n Afrikaanse van geskryf is. Dit was *Dusklands* deur Coetzee. Ek het ernstig begin lees. Die Duitse skrywers Heinrich Böll en Günter Grass, Italianers soos Italo Calvino en Elias Canetti en Suid-Amerikaners soos Jorges Luis Borges, Mario Vargas Llosa en Gabriel García Márquez.

Latere herontdekking

In 1984 het ek op aanbeveling van vriende ’n kopie van Schoeman se *’n Ander land* gekoop. Meer as 20 jaar sou verloop voordat ek dit lees. Ek is ’n gereelde, maar stadige leser en lees minder as 30 boeke per jaar. Jare lank het ek ook nie sommer boeke langer as 300 bladsye aangepak nie, maar in 2002 het Schoeman se *Die laaste Afrikaanse boek* verskyn. Die subtitel was “outobiografiese aantekeninge”. Soos altyd was

Schoeman die meester van die *understatement*, want hierdie “aantekeninge” het ’n hele 683 bladsye beslaan. Ek het dit binne ’n paar dae gelees.

Die boek is ’n uitsonderlike werk wat strek van sy geboorte in 1939 in Trompsburg tot sy terugkeer na daardie dorp in 1999. Dis ’n verwewing van outobiografiese besonderhede, besinnings oor die kuns en enkele dagboekantekeninge.

Hy beskryf sy (toe) 60 lewensjare in detail en met ’n openhartigheid wat telkemale verstom. Van die begin van sy skryfloopbaan was sy skrywerspersona immers een wat gesprek het van privaatheid en ’n bestaansreg weg van die openbare oog. In dieselfde mineure stemtoon as sy romans skets hy insidente in sy skryf- en private lewe: Die ingewikkelde liefdesverhouding met ’n getroude man tydens sy verblyf in Johannesburg gedurende die 60’s; sy soektog na geestelike ewewig wat verbintnisse met die Katolieke Kerk én die Boeddhisme ingesluit het; vele insidente wat spreek van sy vervreemding van die wyer gemeenskap; en grepe uit sy skrywerslewe met beskrywings van waar tonele, karakters en selfs titels hul oorsprong gehad het.

In 2007 het ons drie weke in ’n huisie in Mkambati, ’n voormalige kolonie vir melaatses aan die Noord-Pondolandse kus, vakansie gehou. Ek het vir die eerste maal *’n Ander land* gelees. Dieselfde kopie, met ’n stofomslag wat geheel en al beslaan word deur ’n bruin foto van ou Bloemfontein, wat ek in 1984 aangeskaf het.

Toe ek die boek destyds probeer lees het, het ek nie veel verder as die stadige koetsstog reg aan die begin gekom nie. Maar hierdie keer het die

verhaal van die Nederlandse besoeker aan Bloemfontein wat van tering probeer herstel my van die eerste bladsy ingetrek.

Die boek gaan nie noodwendig diegene aanstaan wat aksie, spanning en onverwagse wendings verkies nie. Maar vir die leser wat bereid is om tyd af te staan en moeite te doen, is die verhaal van hierdie sonderlinge besoeker aan die Vrystaatse hoofstad laat in die 19de eeu 'n openbaring. Dis die verhaal van 'n eenkantmens wat besig is om te sterf.

'n Persoon wat hom dikwels (soms letterlik) aan die buitekant van gebeure bevind en bloot toekyk. 'n Waarnemer in sy eie lewe en in dié van ander.

Dis 'n boek wat meestal gaan oor die binnelewe van die menslike gemoed, maar dit is ook gelaai met beskrywings van die landskap om Bloemfontein en die stad self.

Toe ek 'n paar maande ná die lees van die boek na Bloemfontein reis, het ek gewonder hoekom die landskap so bekend voorkom en besef dis die een wat Schoeman met soveel sorg in 'n *Ander land* beskryf. Later, toe ek navorsing begin doen oor die Afrikaner-kommunis Bram

Fischer vir my toneelstuk *Die Bram Fischer Walz* en oplees oor sy familie se bande met Bloemfontein, het dit vir my gevoel of ek telkemale landmerke uit Schoeman se roman herken.

Dit wat jou bybly

Hierdie kombinasie van buite- en binnelandskap word voortgesit in Schoeman se *Hierdie land*, wat in 1995 met die Hertzogprys en in 2003 met die Franse Prix du Meilleur (die beste boek wat deur 'n buitelanders in Frans gepubliseer is) bekroon is.

Die roman speel af op die eskarpe van die Roggeveld en beeld die semi-trekboerbestaan van 'n familie in hierdie bar en ongenaakbare deel van ons land oor 'n tydperk van amper 100 jaar uit.

Die verteller is 'n kinderlose vrou wat probeer sin maak van haar eensame lewe waarin sy nooit intimiteit ervaar nie. Dis 'n lewe sonder warmte en so kil soos die landskap en die karakters.

Soos in die geval van 'n *Ander land* het die boek 'n manier om die leser by te bly. Die reuk van die rokende stomp in die vuurherd waarom die

mense in die kombuis slaap. Die houtvenstertjies van die huis, die tog agter skape aan na beter weivelde. 'n Skelm ontmoeting tussen twee minnaars.

Schoeman herskep 'n vergane wêreld en bevolk dit met karakters wat oortuig én boei.

Hy kry dit in so 'n mate reg dat die leser, wat dit lank ná 'n eerste lees weer optel, hom binne 'n paar paragrawe weer midde-in daardie wêreld bevind.

Ná die aankondiging van sy dood het talle mense dalk weer hul Karel Schoeman-boeke van die rak gehaal en die stof afgeblaas. Dié wat van hom hou, sal nogmaals die wonder van sy skryfwerk ontdek. Ander sal hom net so stroef en ontoeganklik as voorheen vind.

Maar vir sommige sal daar dalk net 'n wêreld ontsluit word waarvan hulle voorheen nie bewus was nie. 'n Wêreld waar daar dikwels diep en lank na die sin van die menslike bestaan gekyk word, maar waar daar nie noodwendig maklike antwoorde verskaf word nie. ♣

DEUR HARRY KALMER
ILLUSTRASIE: LEIGH LE ROUX